

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Brand jou ligte?

Skriflesing: Johannes 1:6-8 en 19-28

Broodjies vir die pad

“People are like stained-glass windows. They sparkle and shine when the sun is out, but when the darkness sets in, their true beauty is revealed only if there is a light from within.”

— Elisabeth Kübler-Ross

“True human goodness, in all its purity and freedom, can come to the fore only when its recipient has no power. Mankind's true moral test, its fundamental test (which is deeply buried from view), consists of its attitude towards those who are at its mercy: animals.”

— Milan Kundera, *The Unbearable Lightness of Being*

“Life is grace. Sleep is forgiveness. The night absolves. Darkness wipes the slate clean, not spotless to be sure, but clean enough for another day's chalking.”

— Frederick Buechner, *The Alphabet of Grace*

“Always let your inner light shine. By doing so, you not only light a path for yourself, but also light a way for others.”

— Donald L. Hicks, *Look into the stillness*

bergvergadering

afgeluister by 'n apu

eendag het die berge net begin loop
hul rotswortels losgewikkel
en in die pad geval
som het glad uit die grond geglip
som het stede saamgesleep

die samekoms in peru
is deur die water oorvertel
tussen valleie en oor kontinente heen
sodat alklip reeds in haar murg
van die ontmoeting gewet het

Apu Pituisiray het die Heilige Vallei
vir hul aankoms voorberei
die apus in die omte het 'n vlakte oopgevou
die Willkamayu het nadergeseil

die himalaja en alpe het afvaardigings gestuur
hoerikwaggo en kilimandjaro is ook ingeroep
konsultante uit die Kaukasus
diplomate uit die maluti's
'n handvol werwels uit die cordilleras

die Rockies, die Andes, die Sierra Nevada
die Atlasberge, Ruwenzori, Kiso, Kabir Kuh,
Uraal

Hindu Kush en Titiwangsa,
akwatiese verteenwoordigers uit elke see

die sametrekkeurs het hul pad
deur die aardkors oopgekloof
oseane is rondgegooi

hul kielwater het kusstede platgekam
mense is soos anchovies verstrooi

'n planeetwye geroggel en 'n geruk was dit
'n boardse gebewe van tektoniese plate
soos 'n skare grys engele

wat sterf van die koue
op die warmste somersdag van die eeu

die bergtrop het vermeerder
hul droogte by die Willkamayu geles
en saam neergeploeg

– nog 'n skokgolf om die bol –
hul plastieklywe het die skemer vol gesit

toe die son vergaan

het hulle brandstof vir die middel geskenk
bosse en huise en velde en landerye
enigiets wat ontvlam en na verwoesting ruik
Papito Pituisiray het die offervuur aangesteek

die pieke het saamgedrom

om die hitte teen hul yskoppe te voel
om hul weerkaatsings in die vlamme te bekyk
om die oerstories van vertering
voor hul grot-oë te sien dans

die geweene het in hul klipskote aangegroei
hulle het gedreunsing met die akoestiek van
klowe

die aarde het vir oulaas gebewe
soos die dag toe die eerste berg uit die see
verskyn het

en dit was voldoende

die grondgesante het gaan slaap
en in die donkerdag opgestaan

hul roet afgeskud,
mekaar se groete geëggo
en die stiller tog huis toe aangepak

Pieter Odendaal

“Love yourself not in some egocentric, self-serving sense but love yourself the way you would love your friend in the sense of taking care of yourself, nourishing yourself, trying to understand, comfort, and strengthen yourself.”

— Frederick Buechner, *Telling Secrets*

“Beauty is the illumination of your soul.”

— John O'Donohue, *Anam Cara: A Book of Celtic Wisdom*

Sonder woorde kokon ons in vervreemding

Wilhelm Jordaan

In Anton Prinsloo se *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom* is daar 64 uitdrukkings waarin “woord” en “woorde” aangetref word. Dit val op hoe bepalend woorde is wanneer mense met en oor mekaar praat. Soos wanneer jy “jou woord gee” en iets belowe wat jy sal doen, of nie weer sal doen nie. Of wanneer mense mekaar met hul woorde seermaak, word gesê “woorde uit die mond kan die hart verwond”.

Spreekwoordelik trek woord en tong in dieselfde tuig. Iemand met ’n “dubbele tong” is ’n tweegesig, hou nie sy woord nie. En ’n mens met ’n “lang tong” skinder baie, en die Bybel sê die tong is klein, maar steek groot vure aan.

Dit alles sê maar net ’n mens moet versigtig praat; nie ophou praat nie. Want spraak en praat met mekaar is die belangrikste menslike beweging. Die Duitse skrywer Thomas Mann reken spraak opsigself is beskawing. Mensgemaakte woorde, selfs die mees weersprekende woord, is die bewaarder van kontak tussen mense. Dit is eerder swye en stilte wat mense van mekaar isoleer en vervreem.

So gesien, getuig spraak en praat van die mens se wil tot gesprek. Maar dié wil eis ’n klompie dinge; anders is gesprek praatjies vir die vaak én ’n vernietiger van verhoudinge:

Allereers dat dié wat praat, mekaar werklik in die oë sien. In dié sigbaar wees van die een vir die ander lê die diepste betekenis van die mens se “gesigsvermoë” – dat jy wegdraai van die self om die ander raak te sien.

Dan is my praat met jou ter wille van jou en my luister na jou is ter wille van myself. Om met toegespitste aandag na jou te luister, is ’n geskenk wat ek aan jou gee. Dit gebeur in ’n veilige ruimte van die wedersydse ontdekking van mekaar. Miskien so: Grammatikaal beklee ek / in die kategorie van persoon / eerste plek / jy nommer twee / maar ons sou wel kon baat / as ek en jy / beurtelings hul plek verlaat / sodat ek en jy / plek kan maak / vir ons / albei.

Ook kenmerkend van die wil tot gesprek is dat praat en luister geskied ter wille van onderlinge bystand en hulpverlening: Om na mekaar om te sien, te ondersteun, te troos, te beskerm, regverdig te verdedig en sonder skroom te roskam.

Sonder dié bestanddele van die wil tot gesprek, ontaard praat-met-mekaar in leë monoloë; word mense gereduseer tot stemwerpers wat beurtelings hul woorde na mekaar versend volgens die reëls van oppervlakkige hoflikheid.

Dan beteken “praat met mekaar” dít: Ek hoor jou stem en sien jou mond en lippe beweeg, maar terwyl jy praat, dink ek saggies by myself wat ek gaan sê (hoe ek jou gaan kritiseer/bykom/troef/terugkry/teëpraat) sodra ék jou stil kan kry, of ’n gaping kan neem.

Waar gesprekke so verloop, word waar wat die Franse skrywer Jean-Paul Sartre beskryf het as die mens se eiesoortige hel op aarde: Die feit dat ons met mekaar moet saamleef en klaarkom terwyl ons eintlik volstrek eensaam is en vreemdelinge vir mekaar bly – ingeperk soos in ’n huis met geslote deure.

* *Jordaan is ’n emeritusprofessor in sielkunde.*

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/sonder-woorde-kokon-ons-in-vervreemding-20201208>

Brood vir die pad

Ons wag op die lig, sonder om donker te ontken’

RRV

In die laat 1990’s is die treffende Duitse rolprent *Lola Rennt*, met Tom Tykwer as regisseur, uitgereik. *Run Lola Run* (soos die Engelse titel lui) ontvou nadat Lola (vertolk deur Franka Potente) ’n telefoonoproep van haar vriend ontvang waarin hy haar meedeel dat hy 100 000 Duitse mark iewers moes gaan aflewer het, maar dit nou verloor het. En as hy die geld nie binne 20 minute weer opspoor nie gaan hy doodgemaak word.

Met die aanhoor hiervan, hardloop Lola dadelik by haar woonstel uit in ’n poging om die situasie te probeer beredder. In die rolprent is daar ’n slim spel met tyd deurdat dit ’n paar keer oorbegint met die toneel waar Lola die stad in hardloop, elke keer met ’n klein tydverskil. Maar die tydverskil het groot gevolge vir hoe dinge ontvou.

Die slim kinematografie laat die kyker meeleeft, met Lola wat naartig in Berlyn rondhardloop. Iewers in die rolprent is daar ’n toneel waar Lola in die hardloop haar pas vertraag, haar oë sluit, duidelik aan die einde van haar kragte en planne. En fluisterend vra: “Help my, asseblief” gevolg deur “Ich warte, ich warte . . .” (Ek wag, ek wag).

In sy meditasie “What Are You Waiting For?” (opgeneem in die bundel *Watch for the Light: Readings for Advent and Christmas, 2014*) sluit die Rooms-Katolieke biskop Robert Barron ook aan by dié insident in *Run Lola Run*.

Hy meen dat hoewel Lola nie direk God aanspreek nie, en die rolprent geen aanduiding gee dat Lola enigszins godsdienstig is nie, haar woorde “Ek wag, ek wag” wel as ’n soort gebed gesien kan word. Barron verwys selfs na Lola as ’n soort Adventsfiguur.

In die komende weke tot Kersfees is dit die kerklike seisoen van Advent (ontleen aan die Latynse *adventus*, wat “koms” beteken), ’n tyd van afwagting en gereedmaking in die lig van Christus se koms.

Dit kan tereg beskryf word as ’n tyd van wag op die lig. Maar dan nie op ’n wyse wat die werklikheid van die donkerte ontken nie.

Juis te midde van ervarings van moegheid, siekte en vasgelooptheid word die verlange na rus, heling en uitkoms uitgespreek. Dit is juis vanuit die dieptes wat ’n hulpgeroep opklink en daar op die Here gewag word (om by Psalm 130 aan te sluit – ’n teks wat dikwels met die begin van Advent verbind word).

Met Advent wat vanjaar te midde van ’n pandemie gevier word, kan Lola se “Ich warte, ich warte” en die digter van Psalm 130 se hulpgeroep dalk opnuut taal gee vir ’n diep versugting.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-ons-wag-op-die-lig-sonder-om-donker-te-ontken-20201128>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877